# HOËRSKOOL ELSPARK

POSBUS 12001, ELSPARK 1418 ☏ 011 893 2013/4
🖂: kantoor@hselspark.co.za Webwerf: www.hselspark.co.za 🖷 086 529 2701

Verw. /ib

2012-03-22
Nuusbrief
10/2012

NUUSBRIEF 10 / 2012

Geagte Ouer/Voog

**HEREKSAMEN VIR LEERDERS WAT NIE EKSAMEN AFGELÊ HET NIE**

Alle eksamens wat nie afgelê is tydens die eksamen nie, moet geskryf word voor die einde van die eksamensessie. Die eerste week se eindeksamen wat nie bygewoon is nie, word Maandag 26 Maart van 14:00 tot 20:00 (na skool) geskryf. Op 27 Maart 14:00 tot 20:00 (na skool) word die wat nog nie klaar gekry het nie, net afgehandel. Indien daar vooraf reëlings met me. Botha getref is, kan u skryf. Indien 'n leerder nie skryf nie, kan hy nie die graad slaag nie.

**SPORTDATUMS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24/03 | Goudrif | Rugby, netbal, hokkie | Tuis |
| 30/03 – 04/04 | 1ste rugby, 1ste netbal, 1ste hokkie en o/16 rugby | Margate toer | Weg |
| 30/03 – 02/04 | o/14 rugbyspan | Sundown Ranch | Weg |

Met tuiswedstryde word toegang by die hekke gevra om buite skeidsregters, noodhulp en skoonmakers te betaal.

**REVUE**

- Maandag 26 Maart 2012 oefen Groep 1 en 2: 17:30 tot 21:00.
- Dinsdag 27 Maart 2012 oefen Groep 3 en 4: 17:30 tot 21:00.

**EKSTRA KLASSE**

Graad 10 Informasietegnologie het ekstra klas na skool op 28 Maart 2012 van 14:00 tot 18:00.

Maandag 26 Maart Graad 12 Engels ekstra klasse vir leerders wat nog nie op datum is nie van 14:00 tot 18:00 of tot werk klaar is en volledig is.

Graad 11 Reis en Toerisme Maandag 26 Maart 14:00 tot 18:00 vir leerders wat nie opdragte afgehandel of ingegee het nie.

Graad 11 Woensdag 28 Maart van 14:00 tot 15:00 ekstra klas NW. Me. Bornman se klas waar leerders agterstallig is.

**OUERAAND VIR GRAAD 8 TOT 12: 17 APRIL**

Die oueraand vir graad 8 tot 12-leerders vind plaas op 17 April vanaf 18:30 tot 20:00.

Ouers word versoek om dit kort en saaklik te hou: ± 2 minute per ouer. Indien u 'n indringende bespreking wil voer, is u welkom om ook 'n ander afspraak met die vakpersoneel te maak, sodat ander ouers ook by die onderwyser kan uitkom.

**SPUR-AANDE**

Reserveer solank die SPUR-datums in u dagboek: 31 Mei, 29 Augustus en 01 November.

**NETBALPROEWE**

Die volgende dogters het die netbalproewe gehaal en is gekies om deel te neem aan verdere proewe:

**O/14** Chandre Rheeder, Zanele Nameko, Elsje Kitshoff, Christelle Willemse, Jolani Gildenhuys, Christell Willemse,

**O/15** Chante van der Westhuizen, Thato Mafora en Annique Strauss.

**O/16** Tanya Liechterkost, Cindy Harmse, Desireé Marais, Chrisna le Roux, Bijanca Nieuwenhuis, Allyca Willemse

**SKYFSKIET**

Sterkte vir al ons skuts wat die naweek meeding vir kwalifiserende rondtes vir Provinsiale deelname.

**PAASFEESTYD EN VAKANSIE**

Mag almal wat met vakansie gaan 'n aangename vakansie hê. Mag elkeen van u in die Paasfeestyd 'n besondere feestyd beleef en mag die genade van ons Hemelse Vader vir u en u gesin naby aan die hart lê.

**SKOOL SLUIT VRYDAG 30 MAART**

Die skool sluit Vrydag 30 Maart 2012.

Die skool open weer op 10 April 2012.

Groete.

**A.S. DU PREEZ**
**HOOF**